

Die waarde van een Sondaar wat tot bekering kom

Teks: Lukas 15: 1 - 10 & Sondag 10

Teksvers: Lukas: 15 : 7 & 10

1. Inleiding

Wat is waarde van 'n mens vandag. 'n Moeilike konsep want ons leef nie meer in tye van slawerny nie. Mense handel, vind wel nog plaas, maar weens die onwettigheid daarvan weet ons nie veel nie. Ironies is dit juis hierdie beeld van koop en verkoop wat in ons gedagtes opkom wanneer ons oor waarde praat. Want in ons materieel ingestelde wêreld, het iets 'n waarde omdat daar 'n aanvraag daarna is. Met ander woorde iemand is bereid om iets daarvoor te betaal.

Maar wat bepaal die bedrag of waarde van die item. In die materiële wêreld is daar verskeie aspekte. Maar dikwels wanneer iets waarde tot my lewe byvoeg, is ek bereid om goed daarvoor te betaal. As dit betroubaar is, en my weer in staat stel om iets anders te verrig. Iets wat ek daarsonder nie sou kon doen nie. Negatief genoeg is dit presies hoe slawe en mense handel se waardes ook werk.

Maar voor ons so maklik terugstaan en vinger wys na 'n kriminele bedryf, kom ons doen eers self ondersoek. Wat is dit aan 'n ander persoon wat vir ons waardevol is? Wat ons sy vriendskap of guns sal laat opsoek? Wat ons moet moeite en uitgawes sal laat aangaan om hom/haar te help? Is dit wat ek uit die vriendskap kan ontvang. Die waarde wat die persoon tot my lewe kan byvoeg.

Dit bring ons by die probleem in ons teksgedeelte. Tollenaars en sondaars, onbetroubare slegte mense in die samelewing. Die tipe mens wat lief moet vermy word. Wat doen Jesus met hulle? Jesus vertel ons in twee gelykenisse wat Hy ook met hulle doen.

2. Geen verlies kan geduld word nie

Ons ken die gelykenisse wat Christus vertel in ons teksgedeelte so goed. Die eerste oor die 100 skape en die tweede oor die 10 muntstukke. Die eerste gelykenis dui op die boerdery wêreld buite. 'n Boer het 100 skape, een raak weg. In meeste van ons gedagtes, sou ons dalk maar gesê het, ek sal die verlies aanvaar en eerder seker probeer maak dat die 99 veilig bly. Maar dit is nie wat gebeur in ons teksgedeelte nie. Die 99 word agtergelaat om die een te gaan soek. Ekonomies gesien maak dit nie sin nie.

Dieselfde is natuurlik waar in die tweede gelykenis. 'n Vrou verloor een van haar 10 muntstukke. Op 'n manier 'n grote verlies as in die eerste gelykenis. Want 1 uit 10, is natuurlik baie groter skade as 1 uit 100. Maar steeds is die nie die laaste muntstuk van die vrou nie. Sy sal die verlies voel maar waarskynlik steeds kon regkom met die 9 muntstukke. Maar ons sien dat die vrou moeite doen. Ja, selfs kostes aangaan om die 1 muntstuk te kry. Want die olie wat die lamp gebruik wat sy opsteek in vers 8, is natuurlik nie verniet nie.

Hierdie idee is die punt wat Christus juis wil duidelik maak. In die Koningryk van die Here word verliese nie geduld nie. Daar word tot die ekstreem oorgegaan om die verliese uit te skakel. Ons weet dat die ekstreem uiteindelik Christus se lewe aan die kruis gekos het. Maar in die koningryk word die verlies van 'n mens nooit net maar aanvaar nie. Daar is 'n afwagting dat die verlies herstel word, dat daar 'n fees en blydschap sal wees, soos dit geopenbaar word in vers 7 en vers 10. Ons twee teksvers beklemtoon, hierdie blydschap wanneer die verlies nie gely word nie. Dieselfde verlies wat nie geduld kan word nie.

3. Die belang van die onbelangrike

Maar is dit werklik die moeite werd, om sekere dinge by te voeg. Wanneer iets van swak waarde by ander voorwerpe van waarde

gevoeg word, het dit mos die potensiaal om die waarde af te bring. Ons ken mos ook vandag die uitroep, maar waar is die standaard dan. En ons weet deeglik wat eintlik hiermee bedoel word. In 'n akademiese kursus omgewing, en ook met sportspanne. Mense moet oor 'n sekere vermoë beskik, om toegelaat te word.

Natuurlik is dit juis hierdie akademiese en selfs geloofs toepassing wat die skrifgeleerdes en Fariseërs maak. Jesus se toelatingsvereistes vir sy volgelinge is te laag. Hoe kan sondaars en tollenaars voldoen aan die akademiese vereistes van die leermeester. En wanneer ons dan oor geloof praat. Hoe kan mense van 'n lae moraal welkom wees in die gemeenskap van Christus. Hulle is mos nou besig om Sy hele bediening 'n slegte naam te gee.

Maar vir Christus is daar meer. Juis daarom deel Hy hierdie gelykenisse met die mense. Want vir Christus is dit belangrik dat hulle besef wat hier gebeur. Christus en daarom ook ons belang by die sondaar is nooit om geleer te word nie, maar om te leer. Dit is altyd 'n vriendskap met 'n agenda. Wat daar word voortdurend planne gemaak om die sondaar te begelei tot bekering. Om hom/haar uiteindelik aan die kant van die heiliges te kry. Ons bely dit immers juis ook wanneer ons 'n heilige kerk bely.

Maar dit gaan oor die intree vlak standaard. en vir die Here is daar nie 'n intreevlak wat te laag is nie. Die is nie iemand wat maar net te onbelangrik is, om gered te word nie. Daar is nie iemand wat se sonde te groot is, om met die bloed van Christus bedek te word nie.

4. Persoonlike troos

Wanneer ons oor intree vlakke praat, is dit dikwels vanuit 'n hoogte wat ons praat. En dit is waarop ons fokus in hierdie laaste punt. Uiteindelik is hoogmoedigheid mos 'n eienskap waarvoor die Fariseërs bekend is in die Skrif. Maar dan is dit uiteindelik nie net hoogmoedigheid nie, dit is ook veral skynheiligheid. Die oortuiging dat alles in my lewe reg is, terwyl ek besig is om 'n ander te oordeel.

En aanvanklik in ons teks lyk dit of die Here die Fariseërs met hierdie oortuiging laat. Houtgerus verwys Jesus na 99 regverdiges wat nie verlossing nodig het in vers 7. En die vraag bly altyd, is die Fariseërs ingesluit in hierdie 99? Maar die vraag wat ons natuurlik eerder moet vra is: Waar staan ek teenoor die 99. Is ek seker ek is ingesluit. Of is om so te dink maar net hoogmoedige skynheiligheid van my kant af.

En dit is dan hier waar die kategismus begin. Die troos boek vir die gelowige, begin nie op 'n hoogtepunt nie. Dit begin op 'n laagtepunt. Want dit is waar mense hulp nodig het. Maar dan nie net mense nie. Dit is juis hier waar die troos persoonlik raak. Waar geloof en verlossing persoonlik raak.

Sondag 1 van die kategismus som eintlik die totale hoop op in die eerste vraag en antwoord. Ek het soveel waarde, dat die Here my kom koop het, met die kosbare bloed van Christus. Daarom behoort ek nie meer aan my sondige self nie. Maar ek behoort nou aan die Here, wat geen haar van my kop sal val buite Sy wil nie. Ja selfs al is ek onbelangrik en selfs nutteloos in die wêreld se oë, is ek steeds kosbaar vir die Here.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met die gedagte dat die wêreld baie keer mense net sien vir hulle waarde. Ons is egter selfs dikwels so materialisties ingestel dat ons dit ook doen. Maar in genade kom die Here ons vanoggend juis hier tegemoet. Hy gebruik ook voorbeelde uit die materiele wêreld. Maar dan maak Christus dit duidelik dat ons waarde soveel meer en groter is as selfs die waarde waarmee mense na hulle belangrike besittings kyk.

Uiteindelik is dit ook juis waar ons troos as gelowiges begin. Ons waarde vir God die Vader, waarde wat so groot is, Hy het Sy eniggebore Seun nie gespaar nie. Die Seun is na die aarde gestuur om ons te bedien. Dit kom doen Hy ook, met onderrig en gelykenisse, soos die wat ons vandag gebestudeer het. Maar uiteindelik is dit Sy lewe wat Hy vir ons offer aan die kruis wat die verskil maak. Want dit is net uit daardie

verlossing dat ons vandag, as gerede mense kan leef. Kan leef tot eer en verheerliking van die Here.

Dit is ook hier waar ons kategismus begin. In Sondag 1 word ons onlosmakende verbintenis aan die Here bely. Ons weet die kategismus gaan uiteindelik voort om hierdie hoop uit te spel en te verduidelik aan ons. Want uiteindelik was ons elkeen op 'n stadium daardie een sonder daarvoor die engele gejuig het toe daar bekering gekom het.

Amen